# WINTERGEREEDHEIDSBYSTAND AAN ORGANISASIES

Die Stad Kaapstad erken die ellende van mense wat op straat leef. In sy pogings om die aantal mense wat op straat leef, te verminder, verleen hy steun aan organisasies sonder winsoogmerk (NPO's) en openbarevoordeelorganisasies (PBO's) deur hulle bestaande hulpbronne aan te vul.

Deur sy wintergereedheidsprogram steun die Stad organisasies om hul bedkapasiteit te vermeerder, veral gedurende die strawwe wintermaande. Daar sal nie van vennootorganisasies verwag word om enige permanente verblyfplek te skep nie.

Aansoekvorms is beskikbaar by www.capetown.gov.za/readyforwinter. Dien asseblief die ingevulde aansoekvorms teen 16:00 op Donderdag 8 Maart 2024 in by Erika.ManhoDamons@capetown.gov.za.

**Kriteria**

Die deelnemende organisasie moet:

- As 'n NPO of PBO geregistreer wees
- Bestaande fasiliteite hê om kliënte te akkommodeer en hul behoeftes deur ontwikkelingsprogramme kan hanteer
- Aan die vereistes van Population Certificate voldoen
- Aan alle gesondheids- en veiligheidsregulasies voldoen
- Instem tot terreinbesoeke wat die Stad se departemente brandweer en veiligheid, omgewingsgesondheid en maatskaplike ontwikkeling en ECD sal uitvoer voor goedkeuring verleen word
- 'n Goedgekeurde bouplan hê
- 'n Konsepuitleg-/vloerplan indien vir die bykomende bedruimtes waarom aansoek gedoen word
- 'n Sertifikaat van aanvaarbaarheid vir kospersele hê

**LUNGELO MBANDAZAYO**
**STADSBESTUURDER**
**CTA17/2024**

CITY OF CAPE TOWN
ISIXEKO SASEKAPA
STAD KAAPSTAD

**Maak vooruitgang moontlik. Tesame.**